# LENTE-DANKFEES 2018

Ons Lentedankfees is DV op **31 Augustus vanaf 17:00** in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES & LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554
- **HAP EN TRAP:** Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440 of 0723300709
- **KINDERTAFEL:** Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK:** Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Elise Claassen 6912813
- **TEETUIN:** Marie Loftie-Eaton 0721422313 of 6904215
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504 of 0827143322
- **DIE MARK:** Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **PASTEIE:** Elize 0786777335 en Joey 073 2988 142
- **VLEIS:** André Kritzinger 6932462
- **POTJIEKOS:** Leon en Lizzie Heunis 07835665888

**<u>Die volgende word benodig</u>:**

- Hoender en wildsvleis vir die pasteie
- Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
- Polistreenbakkies en foelieborde
- 2L Roomysbakke en poedings
- Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk, suiker
- Wit olifante
- Ingelegde produkte, konfyte, heuning
- Potplantjies
- Ons het veral hulp nodig met die kleinkoekies se bak!





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 29 JULIE 2018

*"As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs."* *(Psalm 127:1)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir KENANI Dienssentrum.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoom- blik in die diens. Gr 10 om 17:00 by Danie de Jagerstr. 34. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.



**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in kerkgebou (ds Robert).
Vleesbaai om 09:30 (ds Danie).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Hospitaalbearbeiding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**<u>Ds Danie</u>:** Maandag 15:00 (Santos 2 sitkamer) en Dinsdag 09:30 in die kerk.

**<u>Ds Robert</u>:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3.
Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**<u>Ds André</u>:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Blombosch 137.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Robert).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.
VONKELVROUE om 18:30 in die kerksaal.
Ons gemeente ontvang Ringsbesoek (kerkraad en personeel).

**Saterdag:** Daar sal nie 'n HAP & KRAP wees nie. Ons werk nou voluit vir die basaar.

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Julie is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Herberg Kinderhuis was R3158-85.

**BEWYSE ONTVANG:** Adam J Stander en Elizabeth C Stander (Nurture Park) vanaf Reebok. Hartlik welkom!

**HULP:** Een van ons lidmate (sy het nie 'n mediesefonds nie) moet Kaapstad toe gaan vir kanker-behandeling. As iemand kans sien om te help met fondse, kontak asb ds André. (Sy sou reeds 7 Julie gaan maar agv griep gaan sy nou eers DV 9 Augustus).

**MUSIEKSPAN:** Soek nog mense vir die voorsang Sondae. Indien u belangstel, kontak Cobus (orrelis) by 072 645 3194.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Daar sal ook koek wees om ons 60ste bestaanjaar te vier! Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**SANTOS HAVEN LENTEFEES:** Donderdag, 16 Augustus om 13:30. Toegang is R12 en sluit tee/koffie en 'n pannekoek in. Baie stalletjies om te besoek, asook heelwat pryse te wen.

**DROË VRUGTE:**

| | | |
|---|---|---|
| Geskilde perskes: | R85 p/kg | R45 p/500g |
| Ongeskilde perskes: | R65 p/kg | R35 p/500g |
| Pitlose rosyne: | R50 p/kg | R25 p/500g |


## VONKELVROUE

Donderdag, 2 Augustus om 18:30 in die kerksaal. Kom en geniet heerlike sop en sjerrie.

Daarby kan julle ook meer van Mosselbaai se vroeër geskiedenis met skyfies/foto's en interessante vertellings.

Ons nooi ook al ons mans uit na die geleentheid. (Mans moet ons asb nie weer teleurstel nie). Koste is R15.

Ons herinner u ook daaraan dat al die blokkiesraaiselgelde op 2 Augustus ingegee moet word.



## BANKBESONDERHEDE

*<u>Dankoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*<u>Geloofsoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*



## GEBEDSBULLETIN

### <u>Tema vir Julie</u>: My naaste se sonde

*"Iewers stort elkeen van ons Indiese ink oor pasgehekelde dekens. Iewers breek elkeen van ons 'n bak waaroor iemand gedroom het. Daarom sal ek verstaan as jy 'n fout teenoor my begaan."*

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* "soos ons ons skuldenaars vergewe"... Hoe voel jy oor die mense wat aan die stuur staan van die protes-optrede en ontwrigting? Kan jy vergewe?
* Daar is mense wat midde-in die ontwrigting woon en leef, wat met groot moeite werk toe kom, heel dag bekommerd is oor hulle geliefdes tuis en onder gevaar vanaand huis toe gaan. Bid vir hulle.
* Bid vir die genade om mekaar te kan vergewe; bid vir die Here se bevryding van jarelange wrokke (mense is soms vasgevang in die "kerkers" van onvergewingsgesindheid).
* Droogte - dit is baie baie droog in ons distrik, asook in Port Elizabeth (OosKaap).
* Vonkelvroue en Kerkraadsvergadering Donderdag.

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Lees bogenoemde gebedspunte - dank die Here vir elke gebedspunt en vir sy sorg en antwoorde.
* Vir mense wat te midde van die onrus lojaal en op hulle pos is.
* Vir die polisie, buurtwagte, korrektiewe dienste en politici wat besig is met vrede-samesprekings.
* Kenani - vir onbaatsugtige diens en toewyding.
* 60 jaar van genade vir Mosselbaai-Suid.
* Reën in die Kaapstad area en Overberg.
* *Gift of the givers* wat vir die Suidkaap boere voer geskenk het.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Petro Alberts Benevolent Park, Mitch Lareman Deltastr, Kobus Potgieter Vintcentstr.

**STERFTES:** Suster van Abri Pepler Stinkhoutstr. Annatjie Scott Santos Haven 2 siekeboeg. Ronel Louwrens Huis Laurel.